

“Covid-19”, “isolasie”, “kwarantyn”. Dis maar net van die woorde wat binne weke deel geword het van ons woordeskat.

VERWERK UIT: NETWERK24

<https://projekte.netwerk24.com/koronavirus/>



(Foto: webmd.com)

Die koronavirus het oornag (*overnight*) die hele wêreld se grootste gemeenskaplike (*universal*) vyand (*enemy*) geword en daar hang 'n ongekende (*unknown*) paniekerigheid (*panic*) oor ons eie land.

Maar kennis (*knowledge*) is mag (*power*). **Netwerk24** wil jou in hierdie tydperk ingelig (*informed*) hou, sodat jy alles in jou vermoë (*power*) kan doen om jouself en ander toe te rus (*equip*) en te beveilig (*protect*).

In Desember 2019 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) bewus (*aware*) geword van 'n uitbreking (*break out*) van “longontsteking” (*lung infection*) in Wuhan, China, wat anders (*different*) lyk (*looks*) as enige ander virusinfeksie wat aan medici bekend (*known*) is.

VINNIGE KORONAFEITE

Wat is koronavirus?

Koronavirusse is 'n groot familie van virusse wat siektes by diere en mense kan veroorsaak (*cause*). Dit word van diere na mense oorgedra (*carried over*). Die nuutste koronavirus kan egter ook tussen (*between*) mense versprei (*spread*) en veroorsaak (*cause*) die koronavirussiekte Covid-19.

Wat presies (*exactly*) is Covid-19?

Covid-19 is 'n hoogs (*highly*) aansteeklike (*contagious*) siekte wat veroorsaak word deur die koronavirus genaamd Ears-CoV-2.

Wat maak hierdie koronavirus so anders (*different*) as siektes wat ons ken (*know*)?

Prof. Salim Abdool Karim, epidemioloog (*epidemiologist*) en voorsitter (*chairman*) van Suid-Afrika se ministeriële (*ministerial*) advieskomitee (*advisory committee*) oor Covid-19, het voorheen (*previously*) in 'n News24-webinaar gesê betreklik (*relatively*) min inligting is oor Ears-CoV-2 beskikbaar. Dit is immers (*after all*) eers op 19 Desember verlede jaar ontdek (*discovered*).

Maar hoe verskil (*differ*) dit dan van virusse wat ons ken (*know*), soos die gewone (*ordinary*) griepvirus (*flu virus*)?

“Daar is baie ooreenkomste (*similarities*), maar meer verskille (*differences*) tussen dié koronavirus en die griepvirus,” verduidelik (*explain*) Abdool Karim.

“Die griepvirus is 'n natuurlike mensvirus. Daar is omtrent vier stamme (*branches*) van die koronavirus wat in ons bevolkings (*populations*) oor die wêreld heen sirkuleer.

Daar is natuurlik 'n entstof (*vaccine*) teen griep beskikbaar (*available*). Die nuwe koronavirus versprei (*spreads*) baie vinniger as griep, benewens (*in addition*) die feit dat daar nog nie 'n entstof (*vaccine*) is nie, sê hy. Elke persoon met griep steek net een ander mens aan (*infect*), so die verspreiding (*distribution*) in 'n gemeenskap (*community*) is geleidelik (*gradually*). 'n Persoon met Covid-19 kan egter (*however*) twee tot drie ander mense aansteek (*infect*).

Waar kom die jongste koronavirus vandaan?

The Telegraph het voorheen (*before*) berig (*reported*) die bron (*source*) van die uitbreking (*break out*) is vermoedelik (*presumably*) 'n wildmark in Wuhan wat onder meer seekos verkoop het. Die stad se gesondheidskommissie (*health commission*) sê die infeksie het tussen 12 en 29 Desember uitgebreek en talle (*many*) werknemers (*employees*) van die mark het dit opgedoen.

Wat is die simptome van Covid-19?

Die algemeenste (*most general*) simptome van Covid-19 is koors (*fever*), moegheid (*tiredness*) en 'n droë hoes (*cough*). Pasiënte kan ook pyn, 'n toe- of loopneus, 'n seer keel (*throat*) of diarree (*diarrhea*) hê. Hierdie simptome is gewoonlik (*normally*) lig en begin geleidelik (*gradual*).

Sommige mense tel die virus op, maar toon geen (*no*) simptome nie en voel ook nie sleg nie. Die meeste mense (80%) herstel (*recover*) van die siekte sonder (*without*) enige spesiale behandeling (*treatment*).

Sowat (*Approxiamtely*) een uit elke ses mense wat Covid-19 opdoen, word ernstig (*seriously*) siek daarvan en kan asemhalingsprobleme (*breathing problems*) ervaar (*experience*). Ouer mense en diegene (*those*) met onderliggende (*underlying*) mediese probleme soos hoë

bloeddruk (*blood pressure*), hartprobleme of suikersiekte (*diabetes*) is meer geneig (*inclined*) om ernstig (*seriously*) siek te word.

Hoe versprei (*spread*) dit?

Hoewel die siekte aanvanklik (*originally*) van dier tot mens oorgedra is, het dit baie gou deur middel van besmette (*infected*) druppeltjies (*drops*) van liggaamsvloeistof (*body fluid*) tussen mense begin versprei, waneer geïnfekteerde (*infected*) mense nies (*sneeze*) of hoes (*cough*).

Die druppeltjies (*drops*) land dan op voorwerpe (*objects*) en oppervlakke (*surfaces*) rondom (*around*) die persoon. Ander mense raak (*touch*) daaraan en dan aan hul oë, neus of mond.

Die druppeltjies (*drops*) kan ook ingeasem (*breathed in*) word terwyl dit nog deur die lug trek na (*after*) die persoon genes (*sneezed*) of gehoes (*coughed*) het. Dis daarom belangrik (*important*) om verder as 1,5 m van mekaar af te bly.

Hoe lank is die inkubasietydperk (*incubation period*) vir Covid-19?

Die sogenaamde (*so-called*) inkubasietydperk (*incubation period*) is die tyd tussen (*between*) die punt waar die virus opgeneem (*infected*) word en die punt waar simptome van die siekte begin kop uitsteek (*shows*). Wetenskaplikes is dit eens (*in agreement*) dat die inkubasietydperk een tot 14 dae is, met die meeste simptome wat ná vyf dae eers na vore kom.

Kan antibiotika Covid-19 voorkom (*prevent*) of behandel (*treat*)?

Nee. Antibiotika werk nie virusse teen nie, hulle werk net bakteriële infeksies teen.

Is daar 'n entstof (*vaccine*), medisyne of behandeling (*treatment*) vir Covid-19?

Daar is nog nie 'n entstof (*vaccine*) nie, maar die simptome van die virussiekte kan behandel (*treated*) word. Wetenskaplikes werk baie hard daaraan om 'n entstof te probeer ontwikkel (*develop*) en medisyne deur kliniese (*clinical*) proeflopie (*trials*) te toets. Intussen (*Meanwhile*) moet mense wat ernstig (*seriously*) siek is, gehospitaliseer (*hospitalised*) word. Die meeste pasiënte herstel (*recover*) met behandeling (*treatment*).

Waarom moet ons ingeperk (*restricted / lock down*) word?

Die inperking (*lock down*) was nodig om die kurwe (van nuwe gevalle (*cases*)) af te plat. Die regering (*government*) moes tyd wen om die gesondheidssektor (*health sector*) gereed (*ready*) te maak vir 'n moontlike (*possible*) uitbreking (*break out*).

Wanneer gaan dinge weer normaal wees?

Prof. Salim Abdool Karim, het in 'n webinaar gesê daar moet eers (*first*) 'n entstof (*vaccine*) wees voordat (*before*) dinge sal normaliseer (*normalise*).

Vir eers is daar 'n nuwe normaal: “Die nuwe normaal beteken (*means*) die eerste ding wat jy doen voor jy jou werkplek se voordeur oopmaak, is om jou hande te ontsmet (*disinfect*) voordat jy aan die deurhandvatsel (*door handle*) raak (*touch*) sodat jy nie virus uit die taxi of motor oordra (*carry over*) nie.”

Hoe werk die vlakke (*levels*) van inperking?

Die regering gaan die inperking in stadiums of fases verslap (*relax*). In elke vlak sal daar meer sakeondernemings (*businesses*) bedryf (*operate*) kan word. As jou bedryf (*industry*) of sektor nog nie heropen het nie, mag jy nie ingaan kantoor (*office*) toe en aangaan (*carry on*) soos normaal nie. Almal word steeds (*still*) tot hul huise beperk (*restricted*), tensy (*except*) die sektor mag begin sake (*business*) doen.

Hoërisikogevalle (*High risk cases*), soos mense bo die ouderdom van 60 of mense met voorafbestaande (*pre-existing*) toestande (*conditions*) soos diabetes, MIV of harttoestande word aangemoedig (*encouraged*) om so ver moontlik (*possible*) steeds (*still*) van die huis af te werk.

Hoe weet ons hoe lank elke vlak is?

Die regering (*government*) weet nog nie. As die kurwe van nuwe gevalle (*cases*) weer (*again*) styg, kan inperking (*lock down*) weer strenger (*stricter*) word. Alles hang af (*depends*) van hoe die virus optree (*behaves*).

Kan ons weer terugbeweeg (*moving back*) na strenger (*stricter*) vlakke (*levels*)?

Ja, alles hang af (*depends*) van hoe die virus optree (*behave*) namate (*as*) inperkingsmaatreëls (*lock down measures*) verslap (*relax*) word.

Kan my hond of kat my Covid-19 gee?

Daar is soms (*sometimes*) verwarring (*confusion*) hieroor (*about it*) omdat die virus sy oorsprong (*origin*) in diere het. Hoewel (*Although*) daar 'n geval (*case*) in Hongkong is waar 'n hond aangesteek (*infected*) het, is daar nie genoeg (*enough*) bewyse (*proof*) dat 'n hond, kat of enige troeteldier Covid-19 kan oordra nie.